

Notes on South Africa's foreign liabilities and assets

Information on South Africa's foreign liabilities and assets as at 31 December 1986 is published in this issue of the *Quarterly Bulletin*. These figures are based on data obtained from censuses of foreign transactions, liabilities and assets for 1973 and 1980, which have been updated by means of sample surveys for subsequent years.

Foreign liabilities

During 1986 South Africa's foreign liabilities declined to R71,9 billion at the end of the year from R83,5 billion at the end of 1985, or by 14 per cent. This was the first decline in the country's foreign liabilities in any calendar year since 1979. A significant part of this substantial decrease was due to valuation adjustments resulting from appreciation of the rand. However, large net repayments on foreign debt during 1986 was also contributed to the decline in foreign liabilities.

The most pronounced decline occurred in the non-direct investment sector, while direct foreign liabilities – a high proportion of which consists of equity capital denominated in rand – declined only marginally by 1½ per cent during the year. As a result, the ratio of direct investment to total foreign liabilities increased from 33½ per cent at the end of 1985 to 38½ per cent at the end of 1986. Despite disinvestment by a number of foreign organisations during 1986, direct foreign investment in the form of share premium reserves and undistributed profit still increased sharply.

The decrease in non-direct investment during 1986 of R11,1 billion, or approximately 20 per cent, occurred among all types of organisations distinguished and also in nearly all categories of liabilities. In particular, the short-term foreign liabilities of the banking sector declined from R9,4 billion at the end of 1985 to R5,1 billion at the end of 1986 owing to valuation changes and large net repayments on foreign debt falling outside the standstill net. These factors also provided the principal explanation for the decreases in the foreign liabilities of the other sectors. However, non-direct investment by non-residents in share capital and undistributed profits also decreased by R0,3 billion over this period, or by nearly 5 per cent.

After short-term foreign liabilities had increased substantially during previous years, they declined more than proportionally in 1986. As a result, the share of short-term foreign liabilities in total foreign liabilities decreased from 44 per cent at the end of 1985 to 38½ per cent at the end of 1986.

Marked declines were recorded in 1986 in the investments in South Africa of all the various regions distinguished in this analysis. The most significant decrease, however, was recorded in investment from North and South America. This caused the share of the Americas

in total foreign investment to fall from 29 per cent in 1985 to 27 per cent in 1986. The share of EEC countries increased from 46 per cent to 49½ per cent during the year.

Foreign assets

South Africa's foreign assets increased further from R30,3 billion at the end of 1985 to R32,1 billion at the end of 1986, or by 6 per cent. If the gold reserves are excluded, the remaining foreign assets increased by 6½ per cent. This increase in foreign assets was achieved despite the appreciation of the rand during the year.

Contrary to developments in previous years, non-direct foreign investment in 1986 increased more rapidly than direct investment. The increase in non-direct investment was mainly in the form of short-term foreign investment by the non-bank private sector and was related to increased exports during 1986 and additional export credits granted by South African businesses to foreign buyers of South African goods. The relatively rapid rise in non-direct investments caused the ratio of direct investment to total foreign investment to decline from 55 per cent at the end of 1985 to 52 per cent at the end of 1986.

During 1986 EEC countries overtook North and South America and Africa to become South Africa's most important area for overseas investment. The increase in the relative share of the EEC countries was mainly at the cost of investment in African countries, which showed a substantial decline during the year.

Verklaring oor rentekoerse

Deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

8 Maart 1988

Ná oorlegpleging met die Minister van Finansies, en ná samesprekings wat met verteenwoordigers van die verrekeningsbanke, die aksepbanke, die algemene banke en die bouverenigings gehou is, het die Reserwebank besluit om sy Bankkoers met ingang van 9 Maart 1988 van 9,5 na 10,5 persent te verhoog. Bankkoers is die koers waarteen die Reserwebank skatkiswissels vir diskontohuise herdiskontereer. Ooreenkomslike verhogings sal in die Bank se ander herdiskonteringskoerse en in sy rentekoerse op oornaglenings aan diskontohuise en banke aangebring word.

Die verhoging van die Bankkoers is 'n regstreekse uitvloeisel van die opmerklike verbetering wat oor die afgelope aantal maande in die binnelandse ekonomiese toestand voorgekom het. Die opswaai in totale besteding, produksie, handel en algemene ekonomiese bedrywigheid het aanmerklike stukrag opgebou, en die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk het, teen 'n jaarkoers bereken, in die vierde kwartaal van 1987 bykans 5 persent beloop. As gevolg hiervan het die vraag na bankkrediet en ander uitleenbare fondse skerp toegeneem, het die geldvoorraad teen 'n aansienlik versnelde koers vermeerder, en het die meeste rentekoerse gestyg vanaf die abnormaal lae vlakke (negatief in reële terme) wat gedurende die grootste deel van 1986 en 1987 gegeld het.

Die skatkiswisseltenderkoers het byvoorbeeld vanaf 8,64 persent op 20 November 1987 tot 10,23 persent op 4 Maart 1988 gestyg, terwyl die koers op bankaksepte van drie maande van 8,80 persent op 12 November 1987 tot 10,80 persent op 4 Maart 1988 toegeneem het. Die meeste depositokoerse het eweneens opwaarts geneig. Gedurende hierdie tydperk was die enigste stygging in die prima-oortrekkingskoers van die handelsbanke 'n matige opwaartse aanpassing van 12,5 na 13,0 persent in Januarie 1988. Daarbenewens het die meeste opbrengskoerse op staats- en ander openbare-sektor-effekte vanaf Oktober 1987 gestyg.

In hierdie omstandighede het banke en bouverenigings 'n aanmerklike stygging in die gemiddelde koste van hulle fondse ondervind en opwaartse aanpassings van minstens sekere van hulle uitleenkoerse het gevlyk noodsaaklik geword. In ooreenstemming met hierdie ontwikkelings het handelsbanke reeds die Reserwebank geraadpleeg oor hulle voorneme om hul prima-oortrekkingskoers van 13 tot 14 persent te verhoog. Met sy verhoging van die Bankkoers gee die Reserwebank te kenne dat hy hierdie rentekoersveranderings, wat deur markontwikkelings bepaal is, aanvaar.

Terwyl die verhoging van die Bankkoers deels 'n tegniese aanpassing is by die ontwikkelings wat onlangs in die geldmark plaasgevind het, dui dit wel ook op die

aanvaarding van 'n minder akkomoderende monetêre beleid. Die Reserwebank het nou reeds vir geruime tyd aktief 'n beleid toegepas waarvolgens hy die opwaartse druk op rentekoerse verminder het om ekonomiese groei aan te moedig. Hy het dit gedoen deur aansienlike bedrae aan kontantreserwes vir die banke te skep deur, teen lae rentekoerse, skatkiswissels, bankaksepte en ander geldmarkbates te herdiskontereer of lenings teen onderpand van hierdie bates toe te staan, deur effekte van die openbare sektor of bankaksepte (met of sonder terugkoopooreenkomste) aan te koop, en op ander maniere. In die veranderde omstandighede wat nou heers, bestaan daar egter 'n gevaar dat die oormatige skepping van Reserwebankkrediet 'n buitensporige stygging in die geldvoorraad en in totale besteding moontlik sou maak wat mettertyd tot nuwe vraaginflasie, betalingsbalansprobleme en afwaartse druk op die rand in die buitelandse-valutamark aanleiding sou gee. Om enige sodanige oorbesteding te voorkom en, meer in die besonder, om die groei in die breë geldvoorraad (M3) vir 1988 binne die aangekondigde mikpuntgrense van 12 tot 16 persent te hou, sien die Reserwebank in die huidige omstandighede 'n behoefté daaraan om die tempo van sy eie kredietskeping te verminder. Die verhoging van die Bankkoers is 'n uitvloeisel sowel as 'n integrerende deel van hierdie minder akkomoderende monetêre strategie.

Dit verdien om beklemtoon te word dat die Reserwebank se besluit om op hierdie tydstip 'n minder akkomoderende beleidsingesteldheid te aanvaar, daarop gemik is om te voorkom dat toestande later sou ontstaan wat tot skerp en ontwrigtend groot stygtings in rentekoerse aanleiding sou kon gee.

Aangesien die verhogings van die Bankkoers en van die prima-oortrekkingskoerse wat vandag aangekondig word, hierdie koerse in 'n beter verhouding tot die heersende rentekoerse op skatkiswissels, Landbankwissels, bankaksepte, korttermynstaatseffekte en daggeld te staan sal bring, word daar nie verwag dat laasgenoemde geldmarkkoerse in die onmiddellike toekoms enige verdere opwaartse neiging sal toon nie. Die betrokke koerse sou inderdaad selfs kon neig om ietwat te daal. Hierteenoor is dit moontlik dat, alhoewel die bouverenigings se verbandkoerse nie regstreeks deur die Bankkoers as sodanig beïnvloed behoort te word nie, die tans bestaande toestand waarin die vraag na behuisingslenings neig om die aanbod daarvan te oorskry, wel sekere opwaartse aanpassings van huisverbandleningskoerse tot gevolg kan hê.

Wat krediet aan die landbou betref, wil die Reserwebank graag sy waardering teenoor die banke uitspreek vir die finansiële akkommodasie wat hulle verleen het aan boere wat onder die uitwerking van droogtes en oorstromings gebuk gaan. Hy doen 'n beroep op die banke om hierdie bystand voort te sit en om dit, indien

moontlik, verder uit te brei. Die Bank wil ook weer eens sy steun uitspreek vir die verlening van finansiële bystand deur die Landbank en ander liggame aan sodanige boere teen *begunstigende* rentekoerse. Dit behoort egter openlik deur middel van rentekoerssubsidies gedoen te word en nie deur enige poging om *alle* rentekoerse op kunsmatig lae vlakke te hou nie, aangesien die doeltreffendheid van teeninflasionele monetêre beleid ernstig deur 'n sodanige poging aangetas sou word.

Wat die toekoms op langer termyn betref, het die Reserwebank, ná oorlegpleging met die Minister van Finansies, besluit om 'n verdere aanbeveling te aanvaar wat deur die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid met betrekking tot Bankkoersbeleid gedoen is. Dit is die voorstel dat, "in soverre veranderende omstandighede in die korttermyn finansiële markte dit regverdig, die Bankkoers ... dikwels en in klein stappe verander word ... sonder ophef en as 'n tegniese aangeleentheid wat hoofsaaklik vir geldmarkdeskundiges van belang is".

Die Bank sal nie sover gaan as om die werkwyse te aanvaar wat deur sekere ander sentrale banke gevolg word, naamlik om die Bankkoers elke week te verander deur dit, met 'n vasgestelde strafmarge van 0,5 persentasiepunte bo die weeklikse skatkiswisseltenderkoers, aan laasgenoemde koers vas te koppel nie – 'n tegniek wat tussen 1973 en 1983 ook in Suid-Afrika op die proef gestel is maar wat sedertdien laat vaar is, deels omdat dit by tye geneig het om 'n oormatige "opkrikking" van rentekoerse teweeg te bring. Die Bank sal egter in die toekoms 'n beleid toepas waarvolgens hy *meer dikwels* en met *kleiner* Bankkoersaanpassings van 'n tegniese aard – sowel afwaarts as opwaarts – op veranderings in die geldmarktoestand sal reageer.

Opmerkings oor die herbasing van die nasionale rekeninge

Inleiding

Daar is 'n verskeidenheid van gebruik vir die nasionale-rekeninge-totale teen konstante pryse. Hierdie totale word nie net gebruik om die verlede en die hede te ontleed nie, maar is ook handig in die projektering en beplanning van die toekoms. Dit is onontbeerlik vir deurdagte rasionele ekonomiese besluitneming en is 'n onmisbare instrument vir ekonomiese beleidbepaling binne die raamwerk van 'n omvattende rekening-kundige stelsel. Dit is dus belangrik om van tyd tot tyd te bepaal of die statistiek wat gebruik word steeds 'n getroue weerspieëeling van die vertoning van die ekonomie is.

Ten tyde van die berekening van nasionale-rekeninge-totale teen 1980-pryse gedurende 1985, is voorsien dat die volgende herbasing van hierdie totale in 1988 gedoen sou word. Dit het egter gedurende 1987 duidelik geword dat, vanweë sekere strukturele verandering, die gewigte wat op die 1980-strukture en -samestellings van inkome en produksie gebaseer was, nie meer as 'n akkurate weerspieëling van die relatiewe belangrikheid van die verskillende sektore van die ekonomie beskou kon word nie. Die sogenaamde primêre sektore se bydrae tot die bruto binnelandse produk het byvoorbeeld afgeneem van 29 persent in 1980 tot 21½ persent in 1985. Daarenteen het die sektore finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste se relatiewe aandeel in totale produksie van 11 persent tot 15 persent toegeneem. Gevolglik is daar besluit om alle reële nasionale-rekeninge-totale te herbaseer deur 1985 in plaas van 1980¹⁾ as die nuwe basisjaar te gebruik. Dit beteken ten eerste dat die ramings van die besteding aan die bruto binnelandse produk (BBP(B)), teen konstante prys, nou weergegee word in terme van gemiddelde 1985-pryse in plaas van gemiddelde 1980-pryse. Ten tweede, beteken dit dat die gewigte wat toegedeel is aan die komponente van die produksiemaatstaf van bruto binnelandse produk (BBP(P)), wat voorheen 'n weerspieëling van toegevoegde waardes in 1980 was, nou op toegevoegde waardes in 1985 gebaseer word.

Die doel en agtergrond van herbassing

Die doel met die saamstelling van gegewens oor nasionale rekeninge teen konstante prys is om die veranderings in die *volume* van goedere en dienste geproduseer of aangewend te meet. Die statistiese metode om volumeveranderings (byvoorbeeld in binnelandse produksie) tussen 'n gekose basistydperk en 'n hui-

dige tydperk te meet, behels die herwaardering van die produksie in die heersende tydperk teen die prys van die basistydperk, voordat die veranderings tussen hierdie twee tydperke bereken word. Hierdie metode skakel die uitwerking van prysveranderings van die basistydperk tot die heersende tydperk uit, maar weeg terselfdertyd ook die produksie van die verskillende goedere en dienste op teen die prys wat in die basistydperk gegeld het. Die prys in die gekose basistydperk dra dus daartoe by om die relatiewe waardes van die verskillende goedere en dienste wat by die totale produksie in 'n nie-basisjaartydperk ingesluit is, te bepaal.

Relatiewe waardes verander oor tyd aangesien prys sonder uitsondering nie op 'n eenvormige wyse verander nie, dit wil sê prys styg of daal in die reel nie teen dieselfde koers van een tydperk na 'n ander nie. Die redes vir die wisseling in relatiewe prys sluit in veranderings in die vraag en aanbod, die differensiële koerse van verandering in die produktiwiteit in verskillende nywerhede, veranderings in die kwaliteit van produkte, tegnologiese vooruitgang, belastingveranderings, internasionale prysveranderings en wisselkoersaanpassings. Om te verseker dat relatiewe waardes, en derhalwe die geweegde gemiddelde volumeveranderings, die huidige struktuur van die ekonomie so getrou as moontlik benader, moet basistydperke en gewigte van tyd tot tyd aangepas word. Die nasionale-rekeninge-gegewens teen konstante prys is om hierdie rede herbaseer deur 1985 as die nuwe basisjaar te gebruik.

Die berekening van die nuwe konstante-prysreeks met 1985 as die basisjaar is vir die tydperk sedert 1983 gedoen. Bestaande reekse wat in terme van konstante 1980-pryse weergegee is, is behou vir die tydperk tot en met 1983. Dit is eenvoudig met die nuwe reekse aaneengeskakel sonder om gewigte te verander.

Ten einde die koerse van verandering in volume-reeks wat tot 1983 bestaan het, nie te versteur nie, is subtotale en totale, onafhanklik van hulle komponente, na 1985-pryse omgeskakel. As gevolg daarvan is hierdie omgeskakelde subtotale en totale vir tydperke voor 1983 nie gelyk aan die somtotale van hulle komponente nie. Met ander woorde, die konstanteprys-syfers "tel nie op" in 'n rekeningkundige sin nie.

Die uitwerking van die omskakeling vanaf die 1980-basisjaarramings na die 1985-basisjaarramings

'n Ontleding van die uitwerking van die omskakeling vanaf die 1980-basisjaarramings na die 1985-basisjaarramings toon dat die gemiddelde jaarlikse groei in reële toegevoegde waarde in ekonomiese bedrywigheide wesenlik onveranderd gebly het. In die sektore landbou en finansies, het die gemiddelde jaarlikse

¹⁾ Omdat sekere brongegewens ontbreek, is die 1985-gebaseerde ramings aan verdere hersienings onderworpe sodra hierdie inligting deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel word.

Tabel A: Uitwerking van herbasering op jaarlikse groeikoerse van bruto binnelandse produk volgens ekonomiese bedrywigheid, 1980 – 1986

	Jaarlikse persentasie-verandering teen 1980-pryse		Jaarlikse persentasie-verandering teen 1985-pryse	
	1980 tot 1983	1983 tot 1986	1980 tot 1983	1983 tot 1986
Landbou, bosbou en visserye	-9,2	11,7	-9,3	11,7
Mynbou en steengroewery	-0,5	-0,2	-0,5	0,3
Fabriekswese	-1,1	-0,8	-1,1	0,5
Elektriesiteit, gas en water	5,6	5,2	5,6	5,2
Konstruksie (kontrakteurs)	-1,4	-3,2	-1,4	-3,3
Groot- en kleinhandel, verversings en akkommodasie	4,3	0,3	4,3	0,1
Vervoer, opberging en kommunikasie	-1,0	1,9	-1,0	1,9
Finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste	3,6	2,7	3,7	2,6
Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	6,9	2,6	6,9	2,5
Min: Toegerekende finansiële diensgelde	5,8	0,8	5,8	0,8
Algemene owerheid	3,8	2,5	3,8	2,5
Ander produsente	3,0	1,6	3,0	1,7
Bruto binnelandse produk teen faktorkoste	0,5	1,4	0,5	1,8
Indirekte belastings	1,5	0,4	1,5	0,4
Min: Subsidies	-1,8	2,8	-1,8	2,8
Bruto binnelandse produk teen markpryse (BBP(P))	0,6	1,3	0,6	1,6

Tabel B: Uitwerking van herbasering op die jaarlikse groeikoerse van die komponente van bruto binnelandse besteding en bruto binnelandse produk, 1980 – 1986

	Jaarlikse persentasie-verandering teen 1980-pryse		Jaarlikse persentasie-verandering teen 1985-pryse	
	1980 tot 1983	1983 tot 1986	1980 tot 1983	1983 tot 1986
Private verbruiksbesteding	3,5	-	3,5	-0,3
Duursame goedere	1,9	-13,1	1,8	-13,5
Semi-duursame goedere	3,6	-1,3	3,6	-1,4
Nie-duursame goedere	3,8	2,0	3,8	2,0
Dienste	3,5	2,2	3,5	2,0
Owerheidsverbruiksbesteding	3,5	3,4	3,5	3,4
Bruto binnelandse vaste investering	0,1	-8,8	0,1	-8,9
Openbare owerhede	0,3	-6,3	0,3	-6,5
Openbare korporasies	-10,0	-9,3	-10,0	-9,4
Private sakeondernemings	4,3	-9,7	4,3	-9,7
Verandering in voorrade ¹	1,7	-4,6	1,1	-4,4
Bruto binnelandse besteding	-	-0,3	-	-0,1
Uitvoer van goedere en nie-faktordienste	-3,8	4,8	-3,8	5,6
Invoer van goedere en nie-faktordienste	-7,5	0,1	-7,5	-0,1
BBP(B) teen markpryse ²	1,1	-	1,3	-

¹ Verandering in die reeks as 'n persentasie van die BBP(B) aan die begin van die tydperk.

² Bestedingsmaatstaf van bruto binnelandse produk, dit wil sê die totale verbruiksbesteding, bruto binnelandse investering, uitvoer van goedere en nie-faktordienste, minus invoer van goedere en nie-faktordienste.

groeikoerse slegs geringe veranderings getoon. Vir die tydperk 1983 tot 1986 is die gemiddelde groeikoers van die reële bruto binnelandse produk verhoog met 0,3 persentasiepunte, naamlik van 1,3 persent teen 1980-pryse tot 1,6 persent teen 1985-pryse. Hierdie toename in die gemete groeprestasie van die ekonomie was hoofsaaklik die gevolg van opwaartse hersienings in produksiegroei in die fabriekswese en die mynbou. Afnames van onderskeidelik 0,8 persent en 0,2 persent in die produksie in hierdie twee sektore, gemeet teen 1980-pryse, is omskep in toenames van onderskeidelik 0,5 persent en 0,3 persent, gemeet teen 1985-pryse.

Die uitwerking van die herbasering op die produksie-maatstaf van die reële bruto binnelandse produk in 1987, was om die groeikoers van die kalenderjaar 1986 tot die kalenderjaar 1987 met sowat 0,5 persentasiepunte te verhoog. Betreklik ingrypende opwaartse hersienings is in 1987 aangebring in die sektor mynbou, waar die groeikoers met sowat 0,8 persentasiepunte toegeneem het as gevolg van hersiene gewigte, sowel as in die sektore wat elektrisiteit, gas, water- en vervoerdienste voorsien, waar die groeikoerse met 0,5 persentasiepunte verhoog is. Die groeikoerse vir 1987 in ander dienstesekture soos handel en finansies was ietwat laer as voorheen.

Die gemiddelde jaarlikse groeikoerse van die komponente van bruto binnelandse besteding is gedurende die tydperk 1980 tot 1983 bykans onveranderd gelaat deur die omskakeling na die 1985-basisjaarramings. Vir die tydperk 1983 tot 1986 is groeikoerse van private verbruiksbesteding en bruto binnelandse vaste investering met onderskeidelik 0,3 en 0,1 persentasiepunte verlaag. Die gemiddelde groeikoers van die uitvoer van goedere en nie-faktordienste is gedurende dieselfde tydperk met 0,8 persentasiepunte verhoog. Die koers van afname in die verandering in voorrade was 0,2 persentasiepunte laer as voorheen, terwyl die gemiddelde groeikoers van die invoer van goedere en nie-faktordienste met 0,2 persentasiepunte verlaag is.

Slotopmerkings

Die ramings van die nasionale rekeninge, en in besonder van die reële bruto binnelandse produk, was nooit bestem om uitsluitlik, of selfs hoofsaaklik, 'n meetinstrument vir die koers van verandering in produksie- en bestedingstotale te wees nie. Die nasionale rekeninge gee in die eerste plek 'n oorsig van die ekonomiese proses. Dit bring aan die lig hoe inkome geskep word, hoe hierdie inkome tussen die verskillende deelnemende groepe in die ekonomie verdeel word en hoe hierdie groepe hul inkomevloei toedeel aan onderskeidelik verbruik, besparing en investering. In hierdie hoedanigheid is die nasionale-rekeningestelsel 'n onontbeerlike hulpmiddel vir makro-ekonomiese analise.

Die oomblik wanneer vermoed word dat die rekeningkundige stelsel nie meer 'n getroue weerspieëeling van die werklike vertoning van die ekonomie gee nie, moet regstellings aan die rekeningkundige stelsel noodwendig gedoen word. Veranderings in die relatiewe belangrikheid van die verskillende produksiesekture sedert 1980 het die bruikbaarheid van die 1980-gebaseerde ramings van veranderings in reële produksievlekke, ten einde 'n duidelike beeld van werklike ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse ekonomie weer te gee, verminder. Om hierdie leemtes uit te skakel, is nuwe berekenings, met 1985 in plaas van 1980 as basisjaar, gedoen van daardie makro-ekonomiese totale wat normaalweg in terme van konstante basisjaarpryse aangebied word. Uit hierdie berekenings het 'n behoefte voortgevloeи om vroeër vasgestelde groeikoerse en groeineigings te hersien.

Opmerkings oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates

Inligting oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos op 31 Desember 1986 word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Hierdie syfers is gebaseer op inligting wat uit sensusse van buitelandse transaksies, laste en bates vir 1973 en 1980 verkry is en wat deur middel van steekproefopnames vir daaropvolgende jare bygewerk is.

Buitelandse laste

Gedurende 1986 het Suid-Afrika se buitelandse laste afgeneem tot R71,9 miljard aan die einde van die jaar vanaf R83,5 miljard aan die einde van 1985, of met 14 persent. Dit was die eerste daling in die land se buitelandse laste wat in enige kalenderjaar sedert 1979 aangeteken is. 'n Opmerklike deel van hierdie aansienlike afname was toe te skryf aan waardasie-aansuiwerings as gevolg van die appresiasie van die rand. Groot netto terugbetalings op buitelandse skuld gedurende 1986 het egter ook tot die daling in buitelandse laste bygedra.

Die skerpste daling het in die onregstreekse beleggingsektor voorgekom, terwyl regstreekse buitelandse laste – wat uit 'n hoë persentasie eienaarskapitaal bestaan en in rand gedenomineer is – gedurende die jaar slegs effens met 1½ persent gedaal het. Gevolglik het die verhouding van regstreekse belegging tot totale buitelandse laste van 33½ persent aan die einde van 1985 tot 38½ persent aan die einde van 1986 toegeneem. Ten spyte van disinvestering deur 'n aantal buitelandse organisasies gedurende 1986 het regstreekse buitelandse belegging in die vorm van aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins steeds skerp toegeneem.

Die afname ten bedrae van R11,1 miljard of nagenoeg 20 persent, in onregstreekse belegging gedurende 1986 het tussen alle tipes van organisasies wat onderskei word en ook in bykans al die kategorieë van laste voorgekom. In die besonder het die korttermyn-buitelandse laste van die banksektor van R9,4 miljard aan die einde van 1985 tot R5,1 miljard aan die einde van 1986 gedaal as gevolg van waardasieveranderings en groot netto terugbetalings op buitelandse skuld wat buite die stilstandsnet gevall het. Hierdie faktore was ook die hoofrede vir die afnames in die buitelandse laste van die ander sektore. Onregstreekse belegging in aandelekapitaal en onverdeelde winste deur nie-inwoners het ook oor hierdie tydperk met R0,3 miljard, of met bykans 5 persent, afgeneem.

Nadat korttermyn-buitelandse laste gedurende vorige jare aansienlik toegeneem het, is 'n meer as proporsionele daling in 1986 aangeteken. Gevolglik het die aandeel van korttermyn-buitelandse laste in die totale buitelandse laste van 44 persent aan die einde van 1985 tot 38½ persent aan die einde van 1986 afgeneem.

Opmerklike dalings in die beleggings in Suid-Afrika van al die verskillende gebiede wat in hierdie ontleding onderskei word, is in 1986 aangeteken. Die mees betekenisvolle afname is egter in belegging van Noord- en Suid-Amerika aangeteken. Dit het tot gevolg gehad dat die Amerikas se aandeel in die totale buitelandse belegging van 29 persent in 1985 tot 27 persent in 1986 gedaal het. Die aandeel van EEG-lande het gedurende die jaar van 46 persent tot 49½ persent toegenem.

Buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse bates het verder van R30,3 miljard aan die einde van 1985 tot R32,1 miljard aan die einde van 1986, of met 6 persent, toegeneem. Indien die goudreserwes uitgesluit word, het die oorblywende buitelandse bates met 6½ persent toegenem. Hierdie toename in buitelandse bates is behal ten spyte van die appresiasie van die rand gedurende die jaar.

In teenstelling met ontwikkelings in vorige jare het onregstreekse buitelandse belegging in 1986 vinniger as regstreekse belegging toegeneem. Die toename in onregstreekse belegging was hoofsaaklik in die vorm van korttermyn-buitelandse bates deur die nie-bank-private sektor en het verband gehou met die verhoogde uitvoer gedurende 1986 en bykomende uitvoerkrediete wat deur Suid-Afrikaanse ondernemings aan buitelandse kopers van Suid-Afrikaanse goedere toegestaan is. Die relatief vinnige styging in onregstreekse belegging het meegebring dat die verhouding van regstreekse belegging tot totale buitelandse belegging van 55 persent aan die einde van 1985 tot 52 persent aan die einde van 1986 gedaal het.

Gedurende 1986 het die EEG-lande Noord- en Suid-Amerika verbygesteek om Suid-Afrika se belangrikste gebied vir buitelandse belegging te word. Die toename in die relatiewe aandeel van die EEG-lande was hoofsaaklik ten koste van belegging in Afrika-lande wat gedurende die jaar 'n aansienlike daling getoon het.